




CACHET

GEREFORMEERDE KERK

12 Junie 2022



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikante

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com
Ds Noah Kim – 082 593 6428;
solaprochristo@hotmail.com

Kontakpersone & Inligting **Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com
Jonette Terblanche – 071 563 5165
Jonetteterblanche@gmail.com

Koster en PowerPoint:

Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Pieter Deyssel –
079 695 0027

**Preekopnames:**

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**

<https://npwepener.wixsite.com/website>

**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Jubila-voorsitter:

Frikkie Deyssel – 079 695 0119
Frikkie4deysel@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Ds. Brahm Robinson

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:18-20

Tema: Behou 'n goeie gewete tot opbou van jou geloof



Aanddiens

Ds. Brahm Robinson

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-8

Tema: Cachet: 'n gemeente van gebed?



gedagte vir die week

Vir mens en dier, Heer, is U goed.
U goedheid is 'n watervloed.
Uit U ontstaan die lewe.
U is dit wat ons onderhou.
Hoe kosbaar is u huis, u trou,
u lig wat ons omgewe.

Psalm 36:2B (Cloete)

Lief en Leed:

- † Baie geluk aan Nardus Buys en Elsje Vorster wat verloof geraak het!



- † Baie geluk aan ID Nagel en Jonette Terblanche wat vandag (11 Junie) trou! Mag die Here julle huwelik seën.




Liefdegawes:

Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:



Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>**Oggend 1ste kollekte:**
GKSA Sustentasië

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- GKSA Sustentasië
(deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>**Aand 2de kollekte:**
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid
(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

12 Junie Wikus Opperman

17 Junie Anneke Engelbrecht

13 Junie Anneke van der Walt

17 Junie Natasha Venter

13 Junie Wian Wiersma

U wysheid, HEER, wat nimmer faal,
het my geboortestond bepaal;
voor iets van my 't begin lewe
was alles in u boek geskrewe.

Psalm 139:8B



Administratief

Attestaat vertrek:


Leandré Steenberg na *GK Montanapoort*




— Gereformeerde Kerk Cachet —

SKOLIES KAMP

10-15 JULIE 2022
HOU DIE DATUM OOP
(VOORAFKAMP: 8-10 JULIE)



Bybelstudie en Ping Pong





KOM DEEL IN BEDIENING OP 'N GRAAD 7-KAMP VIR
DIE LEERDERS VAN HIPPO LAERSKOOL IN
DRIMIOPSIS.
ONDER LEIDING VAN GK WALVISBAAI/SWAKOPMUND

1-5 Oktober 2022 | Walvisbaai |

Vir meer inligting: Estmia van der Walt (078 625 7400)

REFORMASIE KONFERENSIE 2022

DV 23 AUGUSTUS 19:00 · GK OOS-MOOT

KERK EN STAAT



NGB, ARTIKEL 36 · GERARD MEIJER
CALVYN OOR KERK EN STAAT · VICTOR E. D'ASSONVILLE
KERK EN STAAT IN DIE OOSTE · ERIK VAN ALTEN

VIR MEER INLIGTING: REFORMASIE.ORG
GERARDJMEIJER@GMAIL.COM · HHVANALTEN@GMAIL.COM

Maak seker jou prioriteite is reg!



Niks maak mens se oë so oop soos om 'n **Kruispad e-tydskrif oor prioriteite** te lewer nie! Ewe skielik is mens baie bewus van hoe jy jou tyd gebruik. So is hierdie artikels vertraag deur uitstel weens siekte, kragonderbrekings, te veel werk én onsekerheid om maar 'n paar te noem. Enige ander maand sou dit sekerlik nie so opvallend gewees het nie.

Oorspronklik wou ons nie op prioriteite fokus nie, maar op uitstel. Hoewel ons werk deur ons omgewing beïnvloed word, is daar die probleem dat mens 'n gewoonte kan ontwikkel om uit te stel. Die Engelse woord “procrastination” vat dit so lekker saam. Mense is geneig om uitstel af te maak as luiheid, maar daar is soveel ander redes ook daarvoor. Ons kan uitstel as gevolg daarvan dat ons


oorweldig is, depressief is, te perfeksionisties is, dat ons aandag maklik afgelei word, ons prioriteite verkeerd is, of selfs dat ons uitgebrand het van te veel werk. As ons egter op uitstel fokus, sien ons al die negatiewe dinge om ons raak. Daarom het ons dit omgedraai en op die positiewe gefokus: Wat móét ons doen? Wat móét ons prioriteite wees? Die Bybel gee vir ons duidelike antwoorde hieroor. Dink maar aan Kolossense 3:2 wat kortliks sê: *“Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is ...”* Verder in Kolossense word dit beklemtoon: *“Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,”* (Kolossense 3:23).

Dit is eintlik só eenvoudig – waar daar menigte redes is waarom ons uitstel, is daar één prioriteit wat ons moet hê: *“Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word,”* (Prediker 12:13). Dink daaraan elke keer as jy besef dat jy uitstel: Is jy besig om die Here te dien wat met jy doen?

Tot volgende maand,

Wilna Myburgh

Kruispad-redaksie



Die Here moet én kan ons eerste prioriteit wees

Ons het dikwels te min tyd vir als wat ons moet doen – daarom prioritiseer ons. Uit Haggai leer ons dat die Here ons eerste prioriteit moet én kan wees. [Lees die artikel hier.](#)



Wat sê die Bybel mag ons nooit uitstel nie?

Die Bybel gee baie voorbeelde van wat ons nie mag uitstel nie – die belangrikste hiervan is om ons saak met die Here reg te stel. [Lees hier.](#)

Deel die blye boodskap!

Wil jy hierdie e-tydskrif in jou kerk se nuusblad plaas of dit aanstuur? Klik op [hierdie skakel](#) om 'n PDF-dokument af te laai, met skakels na die onderskeie artikels, wat jy dan kan gebruik. Kyk ook op ons [webwerf](#): Elke artikel het 'n drukopsie dat jy dit kan aflaai of uitdruk. Jy kan ook die artikels per e-pos of selfs Whatsapp deel!



Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Junie 2022

**Die regspleging en
regsprofessie – In U Lig**

**Ambassadeur van
'n oorloggeteisterde
land**



www.gksa.org.za



Inhoud

Junie 2022



JAARGANG 123, NO. 3367
Junie 2022

- 1 VAN DIE REDAKTEUR
Die wêreld van die Pinksterbedeling
- 4 UIT DIE WOORD
Die heerlikheid van die Here gee ons moed in 'n onseker tyd
- 6 REDAKSIONEEL
Calvyn en die gebed
- 8 BRANDPUNT
Die oorlog in die Oekraïne en sanksies teen die Russiese "pous"?

FOKUS

- 10 Die regspleging en regsprofessie – In U Lig
- 12 Ambassadeur van 'n oorloggeteisterde land
- 14 Sinodeskatte – 4 – SINODE 1869
- 16 Gereformeerde Onderwys – Hoekom? (2)

VAN ORALOO

- 18 TOIBO Nuusbrief
- 19 Hoof van Bybelgenootskappe aangestel in top pos by WBG
- 20 Lief en Leed
- 21 Op die Kerkwerf
- 22 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R323
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R465
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R437
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R135

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Die wêreld van die Pinksterbedeling

Ons leef sedert die uitstorting van die Heilige Gees in besonder in die Pinksterbedeling, of die bedeling van die Heilige Gees. Alhoewel die Heilige Gees ook in die Ou Testament teenwoordig was, in die bewerking van lewe (Gen. 1:2) en die uitdeel van gawes (Eks. 31), en ook die gelowiges in die Ou Testament alleen deur die werking van die Heilige Gees tot geloof in Christus kon kom en die saligheid verkry, is Hy op Pinksterdag in die voortgang/ontplooiing van die openbaringsgeskiedenis op 'n besondere wyse gestuur as vrug en resultaat van Christus se opstanding en hemelvaart.

So leef ons nou in besonder in die Pinksterbedeling, terwyl ons wag op die laaste heilse gebeurtenis, die wederkoms van Christus op die wolke.

Werk van die Heilige Gees

Dit is onmoontlik om die werk van die Heilige Gees in 'n enkele artikel tot sy reg te laat kom. Ons kan net enkele pennestrepe trek. Hy is steeds die Een wat lewe wek (vgl. o.a. Ps. 104:30, AFR53).

En dan leef en werk Hy veral in 'n baie besondere verhouding met Christus. Die Naam Christus beteken juis Gesalfde, omdat Hy met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning (HK Sondag 12:31).

So werk die Heilige Gees saam met Christus om die verlossingswerk wat Christus vir ons gedoen het, in ons lewe toe te pas. Hy skenk die wedergeboorte en die geloof deur die verkondiging van die evangelie (HK Sondag 25:65). Deur die Woord laat Hy die volle lig op Christus val. Die Heilige Gees laat ons roep "Abba, Vader" (Gal. 4:6) en Hy werk die vrug van die Gees in ons lewe (Gal. 5:22).

Dit is veral in Johannes 14 (vgl. o.a. verse 16, 17, 26) en Johannes 16 (o.a. verse 13, 14) dat Christus die gawe van die Gees belooft as die Trooster, ons Helper en Advokaat. En saam met die belofte van

die Heilige Gees gee Hy die belofte van vrede (Joh. 14:27).

Die Heilige Gees en die wêreld

Die werk van die Heilige Gees is egter nie beperk tot die kerk en die gelowiges nie. Alles behalwe. Behalwe dat Hy, soos ons hierbo gesê het, die skepping laat voortbestaan en lewe gee, en behalwe dat Hy ook aan ongelowiges gawes en talente gee in die beoefening van kuns en wetenskap ensovoorts, lees ons in Johannes 16:7-11 hierdie woorde (AFR53):

"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie, en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan ... En van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."

Lees ek te veel in hierdie woorde as ek daarop wys dat ons in vers 7 lees "Ek sal Hom na JULLE stuur", en dan in vers 8 "as Hy kom, sal Hy die WÊRELD oortuig"? Eers "julle" (ons, die kerk) en dan die

“wêreld” (die ongelowiges). Oor die waarheid dat die Heilige Gees na ons, die kerk, die gelowiges, gestuur is, is daar geen twyfel nie. Daarom vier ons Pinkster. Maar die vraag is hoe Hy die wêreld sal oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel?

In hierdie verband kan ons let op die verklaring wat Totius gee (Versamelde Werke, Deel 5, p. 162-165). Totius verklaar die woord “oortuig” soos volg: “... *die woorde van Jesus sê vir ons dat die Heilige Gees die wêreld sal straf deur die oortuiging van ongeloof. Dit is die betekenis van die woord oortuig kragtens die grondtaal van die Skrif.*” Engelse vertalings gebruik die woord “convict” (veroordeel). Totius sê verder: “... *omdat die koms van die Heilige Gees in die tydperk van die laaste dae val ... moet ons verwag dat die sonde van ongeloof al meer in die wêreld-geskiedenis gesien sal word.*”

Die Heilige Gees sal die wêreld ook oortuig (straf, veroordeel) van geregtigheid, omdat Jesus na die Vader gaan. Jesus word met sy hemelvaart verhoog aan die regterhand van die majesteit van God, en daardeur toon God duidelik dat Hy regverdig is en die regverdige beloon. Daar is dus ’n geregtigheid van God waardeur die regverdige in die gelyk gestel en die sondaar gestraf word. Hierdie oortuiging sal die Heilige Gees nou by die wêreld wek, maar dit sal tot sy straf wees (Totius).

En die Heilige Gees sal die wêreld oortuig (straf, veroordeel) van oordeel “omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is”. Satan is geoordeel deur die opstanding en hemelvaart van Christus. En as die

owerste nou geoordeel is, dan is die oordeel van die wêreld ook seker (Totius).

Is dit nie ’n aangrypende gedagte nie? Die toeneemende sonde van ongeloof (behalwe al die ander sondes) en ongeregtigheid en tydelike oordele wat die eindoordeel voorafgaan, en ons in die Pinksterbedeling beleef en sien, is nie ’n teken dat die Heilige Gees afwesig is of dat sy werk verhinder word nie. Inteendeel, dit is juis die bevestiging van sy “strawwende werksaamheid”, soos Totius dit noem.

Roeping en verantwoordelikheid van die kerk

Dit bring ons by die roeping en verantwoordelikheid van die kerk. Die Heilige Gees werk deur die Woord. Die wêreld moet met die Woord gekonfronteer word. Juis dan word die wêreld ook met die Heilige Gees gekonfronteer.

Natuurlik is daar diegene wat deur die verkondiging van die evangelie tot ware berou en bekering en geloof in Christus gebring word totdat die laaste uitverkorene vergader is. Maar die verharding in die sonde, en die ongeloof en ongeregtigheid, is ook ’n bewys van die verset teen en die verharding van die evangelie.

God kan dit sonder ons doen. Maar Hy wil dit deur ons doen, ons na wie Hy sy Gees gestuur het. Daarom laat Hy ons in hierdie wêreld en hierdie tyd leef. Om, soos op Pinksterdag, in al die tale van die wêreld oor die groot daad van God te spreek. CFCC

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE MET ONS INTEKENARE

Geagte intekenaar,

Van die kant van die Redaksie wil ons u weer van harte bedank vir u volgehoue steun, deur intekening op *Die Kerkblad*. Ons het ook reeds van heelwat lidmate inligting ontvang. Dit is egter nodig dat al ons intekenare vir ons onderstaande inligting stuur (daar het sedert die vorige uitgawe weer ’n klompie intekenare inligting gestuur). As ons van verspreidingsmetode wil verander, kan dit slegs gebeur as ons die samewerking van elke intekenaar het. Daarom versoek ons u dringend om ons van die volgende inligting te voorsien:

- Is u ’n huidige of nuwe intekenaar?
- Die gemeente waarvan u lidmaat is.
- Aanduiding as u nie lidmaat van ’n Gereformeerde

gemeente is nie.

- Naam, voorletters en van.
- Telefoon/selfoonnommer.
- E-posadres.
- Hardekopie of digitale intekening.

U kan die inligting per e-pos stuur na:
kerkblad@gksa.co.za

Baie dankie vir u hulp en donasies, asook u volgehoue voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons sal u voortdurend op hoogte hou van enige verwikkelinge.

Hartlike groete, die Redaksie



V&R Drukkery (Edms) Bpk

Skakel **Ludick Venter** of **Elzabé Vosloo** vir enige navrae

Elandstraat 12, Koedoespoort

E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za

Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643

- kaartjies
- nuusbriewe
- brosjures
- tydskrifte
- kalenders
- sagte- en hardebandboeke
- digitale drukwerk
- grafiese ontwerp

Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!

Sedert 1946 in die Drukkersbedryf

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans
WÊRELDWYD

Frekwensie 104.2
DSTV-oudiokanaal 887
of luister aanlyn by
www.pretoriafm.co.za

Sondag luistergenot - **06H00 tot 24H00** | 'n Keur van musiek, eredienste en kerknuus

Die heerlikheid van die Here gee ons moed in 'n onseker tyd



Lees: Esegïel 1

Teks: Esegïel 1:1, 28b

“Die hemel het oopgegaan en ek het visioene van God gesien ... Dit is hoe die verskyning van die HERE gelyk het. Toe ek dit sien, het ek neergeval met my gesig teen die grond. Daarna het ek 'n stem hoor praat.”

In ons tyd voel baie mense soos vreemdelinge in ons eie land. Die afgelope aantal jare het oneindig baie dinge verander. Vroeër het 'n mens gevoel jy is min of meer in beheer van jou lewe, nou is dit egter so anders. Ons is onseker oor ons plek in hierdie land en wat die toekoms vir ons en ons kinders inhou, weet ons nie.

Die mense onder wie Esegïel gewerk het, was vreemdelinge in 'n vreemde land, mense wat alles verloor het wat vir hulle dierbaar was. Esegïel het in 'n visioen 'n kykie in die hemel gekry en dit vertel dat God in beheer is in hierdie wêreld. Hy bly dieselfde, al verander alles om ons.


Die besef van die heerlikheid en die almag van God ons Vader sal ons weer krag gee om elke dag in 'n onseker wêreld te getuig van God wat regeer.

Ons omstandighede kan ons totaal moedeloos maak

Esegïel was van priesterlike afkoms, maar kon nooit as priester in die tempel in Jerusalem optree nie. Hy is reeds in ballingskap in Babel. In Babel het die mense geweet dat Jerusalem nog staan toe Esegïel geroep is. Onder hulle was daar wel nog die hoop dat hulle lot sou verander en dat hulle sou kon terugkeer na hulle land, maar Esegïel het daardie hoop as 'n valse hoop beskou.

Die ballinge het geglo dat God hulle sou beskerm teen hulle vyande, maar God het hulle in die steek gelaat (het hulle gedink). Moedeloosheid het baie daar in Babel oorval. Sou hulle ooit weer hulle eie land sien? Baie min sou. Sou daar vir hulle en hulle kinders 'n toekoms wees? Dinge het heeltemal onmoontlik gelyk. Moedeloos kon hulle vra: Wat baat dit alles? Die tempel was in Jerusalem, God was in Jerusalem, het hulle gedink. Hoe sou hulle God kon dien in hierdie vreemde land, sou Hy hulle nog raaksien en onthou?

Hierdie gevoel van wanhoop is iets wat ons vandag baie goed kan verstaan. Ons is nie in ballingskap nie, maar tog voel ons



soms soos ballinge in ons eie land. 'n Mens vra ook vrae, jy wonder oor die toekoms en alles wat daarmee verband hou. Mens keer al hoe meer na binne en leef al hoe meer vir hulleself. Jy gaan werk en gaan huis toe, jy eet en gaan slaap, hou jou besig met jou eie dinge en skryf die wêreld daarbuite af.

Die heerlikheid van die Here is onveranderd Terwyl Esegïël daar tussen die ballinge sit, gaan die hemel oop. Die volk het meermale God tot die tempel beperk, Hy woon in Jerusalem. Dink aan die ballinge in Psalm 137: *Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?* Vir God is daar egter nie so iets soos 'n vreemde land nie. Die volk is in ballingskap, maar God is ook daar waar hulle is. Die hemel gaan oop sodat Esegïël iets van die hemel en wat daar aan die gang is, kan sien. Hy moet in mensewoorde praat oor iets wat nie in mensewoorde uitgedruk kan word nie.

Esegïël hoor 'n stem, die stem van God wat met hom gaan praat

daar ver in die ballingskap. Ver bo die wesens was iets wat soos 'n mens gelyk het, maar tog ook anders, omring met vuur. Hoe verder hy boontoe kyk, hoe minder besonderhede kan hy sien. Hoe dit ook al gelyk het, hierdie verskyning van God het hom gedwing tot eerbied. Die belangrikste is egter dat God met hom praat.

Die Here kan nie ingeperk word tot die tempel in Jerusalem of selfs tot die land van Israel nie. Sy heerlikheid gaan oor die hele wêreld. Geen wonder dat Esegïël op die grond geval het nie, só in verwondering voor God dat die Gees hom hierna moes help om op sy voete te kom. Hy het besef dat God groot is, dat Hy oral is en dat Hy in beheer is van die geskiedenis van mense en volke. Hierdie gesig moes Esegïël besonder krag gegee het vir die taak wat vir hom voorgelê het. Hy moes die Here se Woord gaan verkondig aan 'n volk wat nie wou luister nie.

Vir ons het die heerlikheid van die Here op 'n besondere manier duidelik geword toe Christus na die wêreld gekom het. Veral aan die einde van sy lewe het dit nie gelyk of Hy heerlikheid gehad het nie, toe Hy van God verlate aan die kruis gesterf het. Hoe het sy heerlikheid egter nie geskitter toe Hy uit die dood opgestaan en aan baie mense verskyn het nie!

Wanneer ons in moedeloosheid wil verval oor die tyd en plek waarin ons leef, moet ons hierdie heerlikheid van God weer raaksien. Ons het baie vrae, maar God het die antwoorde, selfs antwoorde op die vrae wat ons nooit vra nie. Ons moet nie so teen ons omstandighede vaskyk dat ons God se heerlikheid uit die oog verloor nie.

God se kinders sal in 'n sekere sin altyd vreemdelinge in hierdie wêreld wees. Dit is egter verkeerd dat ons ons in hierdie tyd wil onttrek aan die wêreld om ons. Ons moet juis soveel te meer betrokke raak, nie net met jou werk en jou huis nie, maar op alle terreine van die lewe. Ons is God se kinders in God se wêreld wat altyd vir Hom moet leef in alles wat ons doen. ^{DK}

Calvyn en die gebed

Calvyn is al deur kwaadwillige kritici gesien as 'n ongevoelige en ongenaakbare mens. Hy was wel streng wanneer dit gekom het by die handhawing van die waarheid en suiwerheid van die Woord en die Gereformeerde leer. Maar hy was ook 'n liefdevolle en warmhartige mens, diep gelowig en opreg vroom.

Dit is dan ook opmerklik dat die twee langste hoofstukke in die Institusie van Calvyn die hoofstukke oor geloof en gebed is. Die hoofstuk oor die gebed is warm, prakties en pastoraal. Dit is 'n uitdrukking van die hart van Calvyn se teologie en sy persoonlike vroomheid. Die opskrif van die hoofstuk (Inst. 3.20) lui: "Gebed wat die belangrikste geloofsoefening is waardeur ons daaglik God se seëninge ontvang."

Vyf voorveronderstellings

Wanneer Calvyn oor die gebed handel, is daar vyf voorveronderstellings wat in gedagte gehou moet word:

1 *God se sagte/vriendelike uitnodiging* – Calvyn verwys dikwels na die feit dat God ons beveel om te bid, alhoewel die opdrag gepaardgaan met beloftes (Inst. 3.20.2, 14). Calvyn verwys onder andere na Psalm 50:15 en Matteus 7:7. Hy sê ook, in Institusie 3.20.13, dat die meerderheid mense van God sal wegvlug wanneer Hy roep as Hy nie belooft het om vryelik toeganklik te wees nie. God se bevel en sy belofte is die twee dinge wat die belangrikste plek in die gebed inneem (3.20.24).

Twee dinge is hier ter sprake. Die een is dat God die inisiatief neem in ons gebed (Inst. 3.20.13). Hy doen dit deur sy Woord waarin Hy Homself aan ons bekendmaak en die deur vir ons oopmaak. God open ons ore deur middel van die Woord en die

Gees, sodat ons na aanleiding daarvan kan "proe hoe vriendelik God ons na Hom toe lok ..." (Inst. 3.20.14). *"Daarom moet die volgende woorde altyd in ons ore weergalm: 'Die Here is naby almal wat Hom aanroep, die wat Hom in waarheid aanroep'"* (Ibid, Ps. 145:18).

Die tweede saak is om die genadige en liefdevolle karakter raak te sien van hierdie God wat ons uitnooi om te bid. Dit is bekend dat Calvyn 'n verhewe siening gehad het van God se majesteit, die almagtige regeerder van die ganse heelal. Wat nie so goed bekend is nie, is dat Calvyn God dikwels beskryf as die Verlosser in terme van genade, liefde en goedheid, en dikwels praat van God se vaderlike goedheid en vaderlike liefde.

2 *Christus as Middelaar en Voorspraak* – Nou verbonde aan bogenoemde is die feit dat Christus ons enigste Middelaar is, deur Wie se voorspraak die Vader ons genadig is en tot Wie

ons met vrymoedigheid kan toetree (Inst. 3.20.19). Calvin verwys hier na tekste soos 1 Johannes 2:1, Romeine 8:34, 1 Timoteus 2:5 waar van Christus gepraat word as advokaat, voorspraak en middelaar tussen God en die mens (3.20.20). Hy alleen bring die gebede van die volk, wat ver weg in die voorhof staan, na God toe (Ibid).

As gevolg van ons onwaardigheid sou ons kon aarsel om met vertroue na God te gaan, maar met Christus as ons Middelaar, word die troon van skrikwekkende heerlijkheid die troon van genade (3.20.17). Calvin voel baie sterk hieroor. Hy verklaar kategorieë dat God na geen gebede kan luister sonder die intrede van Christus nie. (Inst. 3.20.27). Hy sê ook: *“Laat ons leer om ons gebede te was met die bloed van ons Here, Jesus Christus, want anders sal hulle onheilig en besoedel wees.”*

Ons kan sover gaan om te sê dat alles wat Calvin oor die gebed sê, sentreer om die versoenende en bemiddelende werk van Christus.

3 *Die onontbeerlikheid van die Woord* – Die derde voorveronderstelling is dat ons gebede gegrond moet wees in, geslyp deur en gelei deur die Woord. Calvin waarsku teen gebede tot enigiets behalwe die ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het. In die Institusie 3.20.27 verklaar hy: *Geloof gebaseer op die Woord is die moeder van die regte gebed.*

Meer spesifiek let die ware gebed in besonder op die beloftes van die Woord en vertrou daarop. Tensy die beloftes van God op ons skyn en ons uitnooi om te bid, kan geen ernstige gebed ooit van ons kom nie.

Vir Calvin voorsien die boek van die Psalms die beste manier om te bid volgens die Woord. In die psalms vind hy ’n “anatomie van al die dele van die siel”, want die psalmdigters lê hulle diepste gedagtes en gevoelens bloot, asook al ons sondes.

4 *Die rol van die Heilige Gees* – Calvin word ook genoem die “teoloog van die Heilige Gees”. Dit is daarom nie vreemd nie dat hy op soveel maniere aandui hoe die vermoë om reg te bid, of om enigsins te bid, alleen moontlik gemaak word deur die Heilige Gees.

Die Gees verwek in ons gemoedere daardie gebede waarmee ons aangevuur moet word. *“Vervolgens*

raak Hy ons harte so aan dat ons gebede met hul vurige verlange tot aan die hemel deurdring.”

Hy verwys ook dikwels na Galasiërs 4:6: *“En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur en Hy roep: Abba, Vader!”* Dit verseker ons nie net dat ons kinders van God is nie, maar vorm ook die basis vir ons sekerheid en vertroue in die gebed. Wat die Gees dus onder andere doen, is om vertroue in ons harte in te stort sodat ons dit waag om God aan te roep as ons Vader.

5 *Die belangrikheid van geloof* – Die plek van geloof in verband met die gebed staan eensins onafhanklik van die rol gespeel deur God se genade, die intrede van Christus, die Woord en die werk van die Heilige Gees nie.

Calvin sê in die verklaring van Jakobus 1:6 onder andere: *Ons is nie in staat om te bid tensy die Woord ons lei nie. Net so moet ons glo voordat ons bid. Ons gebede is ‘n getuigenis dat ons hoopvol na God kyk vir die genade wat Hy belooft het.*

Aan die een kant kan ons nie bid sonder geloof nie. Geloof is die bron van die gebed. Aan die ander kant is gebed ’n bewys van ons geloof. Aan die een kant is geloof die fondament en noodsaaklike voorwaarde vir die ware gebed. Aan die ander kant onderhou en versterk die gebed die geloof.

Slot

In die Institusie 3.20.3 noem Calvin ses maniere waarop gebed bydra tot die versterking van ons geloof:

- (1) Dit laat in ons harte die verlange ontbrand om God te soek, lief te hê en te dien.
- (2) Dit oefen ons om die geheime en begeertes van ons harte aan God bloot te stel.
- (3) Dit bevorder dankbaarheid.
- (4) Dit lei tot die oordenking van God se goedheid as die resultaat van sy verhooring van ons gebede.
- (5) Dit bewerk selfs groter vreugde in die dinge wat ons deur ons gebede verkry het.
- (6) Dit dien as ’n persoonlike bevestiging van God se voorsienigheid.

Ons gebedslewe, die “belangrikste geloofsoefening”, kan ryklik verdiep en verinnig as ons erns maak met Calvin se lering uit die Woord. ^{CFC}



Die oorlog in die Oekraïne en sanksies teen die Russiese “pous”?

'n Verskriklike oorlog

Met die skryf van hierdie artikel is die oorlog in die Oekraïne besig om feller en verskrikliker te word. Behalwe vir die derduisende mense wat doodgemaak of ernstig beseer is, en die miljoene vlugtelingen, is daar volgens berigte nou al meer as 400 hospitale en mediese sentrums vernietig.

'n Suid-Afrikaanse sendeling is besig om beraders te werf om Oekraïense vroue wat deur soldate verkrag is, te ondersteun. Die premier van Japan se uitspraak dat Rusland oorlogsmisdade pleeg, dra baie gewig komende van iemand wat nie so direk betrokke is nie.

Reaksie op die oorlog

Verskeie Europese lande en die VSA het allerlei sanksies begin instel – onder andere teen individuele politici en besigheidslui. Oproepe vir sanksies teen patriarg Kirill, die hoof van die Russies-Ortodokse Kerk in Moskou (vergelykbaar met die pous in Rome), is geopper.

Hierdie oproepe kom te midde van berigte dat die pous reeds gevra het vir samesprekings met president Poetin, sonder enige reaksie. Die versoek kry skynbaar geen ondersteuning vanuit die Russies-Ortodokse Kerk nie. Maar hoe sou die kerk in Rusland 'n oorlog, wat uit ons oogpunt oneties is, kon steun?

Waar alles begin het ...

Om dit wat nou daar aan die gebeur is, in perspektief te sien, moet 'n mens meer as 'n duisend jaar in die geskiedenis teruggaan, tot by keiser Konstantyn. Hy word in die geskiedenis vereer dat hy die Christendom in die jaar 313 gewettig het. Konstantyn het egter nie net die verhouding tussen staat en kerk heeltemal verander nie, maar die administratiewe hoofstad van die Romeinse Ryk in die jaar 330 vanaf Rome

na Konstantinopel verskuif (later Bisantium en vandag Istanboel). Hierdie verskuiwing na Konstantinopel het meegebring dat die verhouding tussen die kerk en die staat mettertyd verskillend ontwikkel het in die westelike en oostelike dele van die Romeinse Ryk.

'n “Katolieke” weste vs 'n “Ortodokse” ooste

In die weste het die pous ingetree en het die kerk die Middeleeue toenemend oorheers – sommige pouse het sekere Franse en Engelse konings en Duitse keisers soos pionne op 'n skaakbord rondgeskuif en teen mekaar afgespeel.

In die ooste het die staat egter die kerk gedomineer. Daar was 'n sogenaamde simbiotiese verhouding: die keiser het die wêreldlike sake beheer en die patriarg van Konstantinopel die geestelike sake. Sodoende het die kerk uiteindelik 'n staatsdepartement geword, en politiek het daar selfs 'n groter rol gespeel as in Rome.

Twee uiteenlopende dele binne een ryk
Bykomend was die Romeinse Ryk byna van die begin af kultureel gesproke in twee verdeel. Latyn was die dominante taal in die weste, en Grieks in die ooste – dus twee uiteenlopende wêreldde binne een ryk.

Verskeie faktore het bygedra dat die Katolieke Kerk in die weste (pous in Rome) en die Ortodokse Kerk in die ooste (patriarg in Konstantinopel/Bisantium) in 1054 formeel uitmekaar geskeur het. Daar was heelwat kwade gevoelens tussen die twee dele, in so 'n mate dat verskeie pouse en patriarge mekaar oor en weer tot ketters verklaar en geëks-kommunikeer het.

Ondertussen is verskillende vorme van die Christelike godsdiens in die wêreld uitgedra. Gebiede soos Frankryk, Nederland, Duitsland en Engeland is deur die “Katolieke” gekersten, en Oos-Europa (veral Kiev) is deur die Ortodokse Kerk gekersten. Kiev het later die bakermat van die Russies-Ortodokse Kerk geword.

Islam en 'n bestaanskrisis vir die Ortodokse Kerk
Die opkoms van Islam vanuit Arabië het vir eeue lank die ontwikkeling van Europa en die uitbreiding van die kerk beïnvloed.

Vanaf die sewende eeu het Islam oor die Midde-Ooste, Noord-Afrika (waar die kerk feitlik uitgewis is), Spanje en Oos-Europa (waarvan die Oekraïne deel is) gespoel. Die gevolg was dat Konstantinopel in die jaar 1453 deur die Moslems ingeneem is. So het die Romeinse Ryk in die

ooste tot 'n einde gekom, nadat die ryk reeds in 476 in die weste tot 'n val gekom het.

Behalwe vir die omvattende ontwigting wat die val van Konstantinopel op politieke, kulturele, sosiale en ekonomiese gebied ingehou het, het dit ook 'n krisis vir die Ortodokse Kerk ingehou, *want nou was die hoof van die staat 'n Moslem-sultan!*

Moskou tot die redding?

Die sentrum van die Oosters-Ortodokse Kerk is gevolglik na Moskou verskuif, wat Kiev reeds as politieke sentrum vervang het. Moskou het die “derde Rome”, die sentrum van die ware Christelike geloof (Ortodoks beskou) geword.

Die verhouding tussen die dominante staat en die onderhorige kerk het voortgeduur onder die Russiese tsaars tot en met die kommunistiese revolusie in 1917. Hierdie revolusie het die kerk in twee verdeel: 'n bo-grondse amptelike kerk wat na die pype van die ateïstiese staat gedans het, en 'n ondergrondse kerk waarvan die aanhangers soms baie wreed vervolgd is.

Hierdie vervolging het formeel tot 'n einde gekom met die val van die USSR. Die “amptelike” Russies-Ortodokse Kerk het vandag steeds 'n baie nou verhouding met die staat. President Poetin is 'n vooraanstaande lid van die Russies-Ortodokse Kerk, wat Rusland se oorlog teen die Oekraïne ondersteun en waarteen die oproepe vir sanksies teen patriarg Kirill is.

Hoewel daar groot dogmatiese verskille tussen Rooms-Katolieke, Protestantse en Ortodokse kerke is, en laasgenoemde teen 'n laer tempo groei, neem Ortodokse getalle steeds toe, sodat daar tans wêreldwyd ongeveer 260 miljoen Ortodokse Christene in die wêreld is (uit die geskatte 2,2 miljard mense wat tans breedweg as Christene beskou word).

Aangrypende lyding

Die ontsaglike lyding wat die oorlog in die Oekraïne bring, gryp 'n mens aan die hart. Watter houding behoort ons as Christene teenoor wêreldlike owerhede in te neem? In Suid-Afrika kan ons dankbaar wees dat Artikel 15 van ons grondwet 'n gesonde afstand tussen die kerk (asook ander godsdienstige instellings) en die staat verseker. Ons staat het die reg om sekere billike beperkinge in te stel, en die grondwet bied die kerk grootliks ruimte om kerk te wees. Die kerk moet in alle gevalle aan Christus gehoorsaam wees, maar het die grondwetlike vryheid om die owerhede aan te spreek, aan te moedig en, waar nodig, te kritiseer.

As 'n mens kyk hoe “lugleegtes” wat deur die eeue ontstaan het, verkeerdelik deur die kwade eerder as die goeie gevul is, lê die verantwoordelikheid om die ware evangelie uit te leef, nog swaarder op Christene.

DK

Willie Spies
(prokureur by die regsfirma Hurter Spies Ing.
Die firma tree gereeld vir Afriforum en verskeie ander burgerregte-organisasies op in litigasie van
openbare belang)



Die regspleging en regsprofessie – *In U Lig*

Hoe beoordeel ons die regsprofessie en regspleging – daardie duur stelsel van prokureurs, advokate, regters, landdroste en argumente – in die lig van wat Jesus Christus 2000 jaar gelede na die wêreld gebring het en waarvan ons steeds die draers is?

Regsbeginsels wat op die Bybel gebaseer word

Die Bybel bevat meer as 50 verwysings na regters en nog byna 25 verwysings na regsake. En sekere regsbeginsels wat vandag nog gevolg en eerbiedig word, is juis daarin te vinde.

Paulus se regstryd

Die verhaal van Paulus se jarelange regstryd om vryheid van geloof in Handeling 21 tot 28 vertel eweneens 'n verhaal van feilbaarheid van regters weens hulle menslike aard, maar ook van regsbeginsels wat reeds jare deel van ons samelewingsorde is.

- *Die vermoede van onskuld* – Paulus word by sy terugkeer na Jerusalem, ná sy derde sendingreis, onverhoord geesels en op die pynbank gepynig. Eers wanneer Paulus die soldate herinner aan sy Romeinse burgerskap en gepaardgaande burgerregte, word die marteling gestaak.

Interessant genoeg is die burgerreg waaraan Paulus sy martelaars herinner, die antieke voorloper van die sogenaamde “*vermoede van onskuld*”, tot die teendeel bewys is. Vandag nog is die vermoede van onskuld een van die hoekstene van die strafreg wat as 'n fundamentele reg in elke menseregte-akte erken word.

Daar word vandag algemeen aanvaar dat die vermoede van onskuld as regsbeginsel sy oorsprong in die Ou-Testamentiese Joodse reg het.

- *Hy wat beweër, moet bewys* – Paulus se derde verskyning is voor goewerneur Feliks. In 'n tipiese regsgeding van die antieke tyd word die geleentheid aan Paulus se aanklaers, die Joodse Raad, gegee om hulle saak teen Paulus te stel. Hulle doen dit met die dienste van 'n advokaat, genaamd Tertullus. Weereens beroep Paulus hom op 'n regsreël wat vandag nog bestaan: “*Hy wat beweër, moet bewys.*”

Feliks hoop om omkoopgeld van Paulus te ontvang (Hand. 24:26). Ook Feliks laat nie reg geskied nie, en hy word twee jaar later deur Porcius Festus opgevolg. Festus is ook bang om reg te laat geskied. Weereens slaag die Jode nie daarin om hulle bewerings teen Paulus te bewys nie, maar Festus (wat tegelyk politieke ampsdraer en regter moes wees) besluit om Paulus na Jerusalem te stuur vir 'n verhoor deur die Joodse owerhede.

- *'n Reg tot appèl* – Hy beroep hom op die keiser en die beroep word toegestaan. Koning Agrippa hoor ook Paulus se saak aan, en alhoewel hy en Festus saamstem dat Paulus se optrede nie straf verdien nie, word hy na Rome gestuur.

God is die regverdige, getroue Regter

In teenstelling met die onregverdige regter in Jesus se gelykenis in Lukas 18, “wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie”, en tog aan die weduwe reg laat geskied uit vrees vir vergelding, sal God

as getroue en regverdige God des te meer gehoor gee as sy kinders in gebed by Hom pleit oor iets wat in hulle harte leef. Die oorheersende Bybelse boodskap is die versekering dat God die getroue, ewige en regverdige Regter is.

Genesis 18:25 beskryf God as die Regter oor die ganse aarde. In 1 Samuel 24:16 getuig Dawid, nadat hy Saul se lewe gespaar het, teenoor Saul dat die Here die Regter in die regsak tussen hulle sal wees. Psalm 7:12 beskryf God as die regverdige Regter. Spreuke 8:16 beskryf die Wysheid (wat sy oorsprong in die dien van die Here het) as die heerser oor al die regters van die aarde. In Jesaja 1:26 belowe die Here aan sy volk dat Hy aan hulle weer regters sal gee soos vroeër, en in Sefanja 3:3 beskryf die profeet Jerusalem sonder God as 'n stad waarin die regters soos wolwe snags aas soek.

Waar God regeer, deur middel van gehoorsame navolgers van Christus, heers geregtigheid.

Daar bestaan vandag algemene konsensus dat die Tien Gebooie, wat deur God Self aan Moses gegee is, die fondament is van veral Westerse regstelsels waarin die reg op lewe, die reg op eiendom en die reg op waardigheid deur middel van gemene reg en wetgewing, asook aktes van menseregte beskerm word. Ironies genoeg weier soveel ateïstiese voorstanders van menseregte juis om God as die oorsprong van alle reg en vryhede te erken.

Die geloofwaardigheid van die regbank is en was nog altyd onder verdenking, en dikwels die oorsprong, van groot konflikte. As gelowiges weet ons om nie ons vertrouwe in die eerste plek op die reg te plaas nie, maar op 'n lewende God wat getrou en regverdig is, en steeds sy koninkryk in stand hou en geregtigheid laat seëvier. Ons weet ook dat daar waar God gedien word, sy wil gesoek word, groter geregtigheid geskied.



Ons uitdaging

Ons uitdaging is om dit ook vandag te doen wanneer waarheid en geregtigheid bedreig word. Dit is 'n geweldige verantwoordelikheid, want juis die groot heilswerk van God word in die Bybel in regstaal beskryf.

Die vryspraak in Christus: As Paulus in die Romeinebrief die wonder van die evangelie van verlossing en vryspraak in Christus verkondig, vat hy die ganse evangelie saam in die oorwinningslied van Romeine 8:31, wat inderdaad die vryspraak, die regverdiging in Christus in hofterme beskryf:

- *As God vir ons is, wie kan teen ons wees?* – “vir” en “teen” is hier duidelike regsterme.
- *Wie kan die uitverkorenes van God aankla?* – Die aanklag soos op 'n klagstaat in die hof.
- *God self spreek hulle vry* – Die vryspraak van 'n regter wat die beskuldigde onskuldig verklaar.
- *Wie kan ons veroordeel?* – Die oordeel van skuldig in die hof.
- *Christus is dit wat vir ons intree* – Hy is ons hemeladvokaat.

Die nuwe aarde onder die nuwe hemel: Petrus beskryf die nuwe hemele en die nuwe aarde wat ons verwag as die plek “*waar geregtigheid woon*” (2 Pet. 3:13). Om in die regsprofessie te staan, is daarom om van klein te word. En dit in die wete: “Die Regter staan voor die deur” (Jak. 5:9). ^{DK}

Ambassadeur van 'n oorloggeteisterde land

Dit is 'n gedeelde bedreiging wat ons paaie laat kruis het. Ek moes namens die Voortrekkermonument die woord voer by die bekendstellingsfees van die beplande Pro Patria Museum, wat by die Amfiteater die Bos-oorlog gaan herdenk (1964-1989). 'n Opmerking van my het die ambassadeur van daardie geteisterde land se aandag getrek: "Julle opofferings was nie verniet nie. As die Pro Patria-geslag nie vir 25 jaar ons grens beveilig het nie, het die mense wat nou die Oekraïne plunder en verwoes, ons land beheer."

Ons ontmoeting was Woensdag 4 Mei. Drie dae tevore is die aanloopbaan van die lughawe van haar tuisstad, Odessa, met 'n Russiese Bastionmissiel vernietig. Op 7 Mei is Odessa weer met vier missiele gebombardeer. Drie burgerlike geboue het in die slag gebly. Op 9 Mei is die aanval verskerp met nog missiele. Die president van die Europese Raad en die eerste minister van die Oekraïne moes in 'n bomskuiling in Odessa veiligheid soek. 'n Winkelsentrum naby Odessa het in die slag gebly.

Die swaarste van die oorlog

Liubov Abravitova, die ambassadeur van die Oekraïne in Suid-Afrika, is positief, besiel deur haar roeping om haar oorloggeteisterde land in Suid-Afrika te verteenwoordig. Tog kon sy die spanning en haar kommer oor haar mense en haar land nie verberg nie. Dis nie die soldate op die frontlinies wat haar grootste bron van kommer is nie, hulle het die Russiese grondaanvalle nog op elke plek gestuit en laat terugval. Dis die burgerlikes, ook haar eie mense, wat die ergste getref word, in woonbuurte en woonstelle en winkelsentrums.

Dit wat ons in die media sien, sê sy, is nie die helfte van die ontsaglike lyding van gewone burgers van die Oekraïne nie. Twaalf miljoen Oekraïners moes uit hulle huise vlug. Ses miljoen het die grens na veiligheid, maar tog vreemdelingskap in ander lande, oorgesteek. Party met 'n tassie onder die een arm en 'n baba in die ander.

Waar Russiese soldate teruggedryf is, is 'n bloedspoor van verminking en moord en verkragting agtergelaat.



Ds. Cassie Aucamp saam met Liubov Abravitova, ambassadeur van die Oekraïne in Suid-Afrika

Ook ons geskiedenis?

Marioepol, die strategiese sleuteldorp aan die Swart See, is 89% verwoes. Geen water, geen elektrisiteit, geen sanitasie. 'n Groot pandemie is onvermydelik. Van die 800 000 inwoners kon 'n klompie ontvlug. Ander is in die stad gevange omdat alle uitgange afgesper is. 100 000 was nog vasgekeer in die teater waar hulle teen die bomme skuiling gesoek het.

Die lyding en nood van bejaardes, vrouens en kinders laat haar snags wakker lê, tog dankbaar

dat haar twee seuns van 5 en 11 jaar by haar in Pretoria is. “Ons betaal ’n ontsaglike prys: lewens. Vier keer meer burgerlikes het in ons dorpe en stede gesterf as soldate op ons slagvelde.” Onvermydelik het die gesprek geloop na ons eie verskroeide aarde en konsentrasiekampe, en ballinge na ’n vreemde land. Sy was daar deeglik van bewus!

Die ander parallel is net so duidelik. Toe ek haar vra wanneer dink sy sal die oorlog beëindig word, was haar antwoord eenvoudig. Tog spel dit die krisis van ’n land wat deur ’n imperiale moondheid binnegeval word so duidelik uit: *“If Russia stops the war, the war is over. If Ukraine stops the war, Ukraine is over.”* Is dit nie presies wat ons vaders op 2 Mei 1902 met die Vrede van Vereeniging met stukkende harte beleef het nie?

Suid-Afrika se neutraliteit? Ambassadeur Liubov Abravитova het net dae voor ons gesprek deurgeloopt in ’n Twitterboodskap van Clayson Monyela, Hoof van Openbare Diplomatie in die Departement van Internasionale Betrekkinge. Haar vrae oor die Suid-Afrikaanse regering se (sogenaamde) neutraliteit in die oorlog is “ondiplomaties”. Ek vra haar uit daarvoor, met die belofte dat wat sy sê “off the record” is. “Skryf maar. Hoe kan jy neutraal staan teenoor wandade, menseregteskendings, moord en verkragting op burgerlikes? Hoe kan enige land, des te meer die leierland op die Afrika-kontinent neutraal staan teenoor nieu-kolonialisme? Teenoor die skending van die territoriale integriteit van ’n soewereine staat? Neutraliteit in ’n gewapen-

de stryd beteken niks minder nie as steun vir die aggressor.” Ten tye van ons gesprek was president Ramaphosa al in gesprek met Joe Biden en Vladimir Poetin, maar nog nie met Volodimir Zelensky nie.

Suid-Afrikaners se ondersteuning

Die ondersteuning van die mense van Suid-Afrika, uit alle bevolkings-groepe, beteken vir haar baie. Boodsappe, woorde van bemoediging, oproepe, blomme voor die deur van die ambassade. “Ek ontvang dui-sende boodskappe: ‘Jy en jou familie is in ons gebede.’”

Sy vra: “Help my in my sending. Bid vir die Oekraïne. Gebed maak ’n verskil, ek glo dit uit my hart. Bid ook vir my in hierdie tyd. Julle gebede is vir my ’n bron van krag. Dis ’n harde en moeilike werk. Ja, ek is ook getraumatiseer, duisende kilometer van my land en my mense af. Van my personeel het reeds geen plek om na terug te keer nie. Baie van my familie het gevlug. Talle vriende en goeie kennisse is vermoor of vermis.”

Positief ... deur die geloof ...

Tydens die Vryheidsdagvieringe vier dae voor ons gesprek is ’n paar gaste in ’n besprekingsprogram versoek: Beskryf “vryheid” in een woord. Haar antwoord was “Geloof”. “Dink aan die mense van Marioepol. Wat het hulle om hulle te laat te oorleef? Alleen geloof. Alles is van hulle weggeneem, maar geloof kan geen vyand jou ontnem nie. Dis vryheid.”

Die oorlog het ook ’n goeie gevolg, al kry hulle swaar. Presies die teen-oorgestelde van wat Vladimir Poetin geglo en gehoop het. Die Oekraïne is verenig soos nog nooit tevore nie. Toe die Weste aan president Ze-lensky binne die eerste week van die oorlog ’n begeleide uittog en veilige heenkome gebied het, was sy antwoord: “Ek soek nie ’n veilige heenkome nie, ek soek wapens wat my mense in staat sal stel om hulle land teen die invallers te verdedig.” So het hy 90% van alle Oekraïners agter hom verenig, en die getal groei steeds.

Die oorlog het ook haar werk in hierdie moeilike tyd positief beïnvloed. ’n Ambassadeur se werk is om die gasheerland se mense bewus te maak van jou land, jou land te bemark. “Onder Suid-Afrikaners was daar nog nooit so ’n bewustheid van die Oekraïne, so ’n belangstelling in die Oekraïne, soos juis nou nie ...”

Ek het haar bemoedig met Mordegai se woorde aan Ester in Ester 4:14, ietwat aangepas: “Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ’n tyd soos hierdie dat jy ... die ambassadeur van die Oekraïne in Suid-Afrika geword het.”

Ons het die twee-uur lange gesprek afgesluit toe ek vir haar land en haar mense en vir haar gebid het. Dit was ’n dapper maar duidelik be-woë Liubov Abravитova wat vir eers gegroet het. Ek is daar weg, self aangeraak deur die manier waarop ons Here klein mensies vir groot take roep en bekwaam. ^{DK}

Sinodeskatte – 4

SINODE 1869



Tien jaar ná die eerste Algemeene Synodale Kerkvergadering vergader afgevaardigdes van al die Gereformeerde gemeentes van Zuid-Afrika vanaf 17 Mei 1869 te Potchefstroom (ZAR).

By die eerste sinode was daar 'n totaal van twee predikante, 19 ouderlinge en 17 diakens van vyf gemeentes. Nou, tien jaar verder, is die afvaardiging soos volg:

- Van die ZAR: *Potchefstroom* (drie ouderlinge); *Rustenburg* (ds. J Lion-Cachet en twee ouderlinge); *Pretoria* (ds. NJR Swart en twee ouderlinge); en *Waterberg* (twee ouderlinge).
- Van die Oranje Vrystaat: *Zandrivier* (twee ouderlinge en een diaken); *Reddersburg* (drie ouderlinge); *Heidelberg* (ds. SD Venter en twee ouderlinge); en *Fauresmith* (drie ouderlinge).
- Die Kaapkolonie: *Burgersdorp* (ds. D Postma en twee ouderlinge); *Aliwal-Noord* (twee ouderlinge en een diaken); *Dordrecht* (twee ouderlinge en een diaken); *Colesberg* (twee ouderlinge); *Philipstown* (een diaken); en *Middelburg* (twee ouderlinge en een diaken). Dus vier leraars, 28 ouderlinge en ses diakens van 14 gemeentes.

Met 'n meerderheid van stemme word ds. NJR Swart (Pretoria) as voorsitter en ds. J Lion-Cachet (Rustenburg) as skriba gekies.

Net soos by die vorige sinodes, meld broeders aan om geëksamineer te word. By hierdie sinode word daar ook besluit om broeders toe te laat om aan te meld "al heeft hij zijne studien niet aan de Kweekschool gedaan". In Art. 87 lees ons die volgende besluit: "Personen, die zich tot het beslissend examen aanbieden, zullen betalen £5 – welke som men echter niet weder behoeft te betalen, wanneer men een maal zonder goed gevolg geëxamineerd zijnde, by vernieuwing zich tot het examen aanbiedt."

Die namiddag van 19 Mei 1869 word aan brs. Petrus Jacobus Johannes Viljoen (48) (foto regs onder), Abraham Adriaan Jacobus de Klerk Coetsee (38) (foto regs) en Maarten Petrus Albertus Coetsee (38) (foto middel regs) die heuglike nuus meegedeel dat hulle die eksaminering geslaag het, en nadat die broeders die formulier vir leraars onderteken het, kon die drie proponente (aangesien hulle reeds beroepe ontvang het) hulle sitplekke inneem en die sinode bywoon, wel met slegs 'n adviserende stem.



Donderdagoggend 20 Mei 1869, ná die opening en die lees van die notule van die vorige sinode afgehandel is, word op versoek van ds. D Postma van die orde afgewyk en stel hy voor dat die naam van die Sinode voortaan sal wees: "De Synodale vergadering der gereformeerde kerk in Zuid Afrika, omdat de kerk in de verschillende landen één geheel uitmaakt." Die voorstel is eenparig aanvaar. Terselfdertyd is op sy voorstel ook bepaal dat die Sinode "niet meer sal betiteld worden Hoog Eerwaarde; maar eenvoudig Eerwaarde."



Donderdagmiddag 20 Mei 1869 stel die voorsitter van die Sinode voor dat "de Synode besluite, tot het oprigten eener Theologische school, indien het mogelijk is". Nadat vasgestel is hoeveel die jaarlikse bydraes vir die genoemde skool van elke "land" bymekaargemaak is (Transvaalsche Republiek £68;



Ds. Postma en ds. Lion-Cachet met teologiese studente

Oranje Vrijstaat £43 en Kaapkolonie £300 – totaal £411) besluit die Sinode “*dat met ’s Heeren hulp*” die Teologiese Skool opgerig sal word.

Verdere bespreking handel oor die traktement van ’n tweede leraar vir die skool. Met die oog op die beloofde bydraes word besluit dat die traktement vir die tweede leraar £400 en ’n vrye woning sal wees.

Verder neem die Sinode ook die voorstel van die gemeente van Burgersdorp in oorweging, naamlik dat:

- Die skool te Burgersdorp opgerig word.
- Dat die Sinode slegs uitbreiding gee aan die reeds bestaande inrigting wat die kerkraad self onder leiding van hulle leraar daargestel het, en dat die gemeente Burgersdorp en die ander gemeentes van die Kaapkolonie die gebou wat as tweede pastorie gebruik sal word, as eiendom van die Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika sal skenk.
- Dat die gemeente te Burgersdorp sal instaan vir die onderhoud van die pastorie en een leraar en vir die tweede leraar sal die ander gemeentes bydraes gee.

Die eerste voorstel is algemeen aanvaar. Ds. D Postma het homself uit die vergadering verskoon en die tweede en derde voorstel is met blydschap aanvaar en so aan hom meegedeel. Ds.



Eerste teologiese skoolgebou Burgersdorp


Postma het in sy antwoord aan die Sinode voorgestel: *“Uwe keus op mij tot één der onderwijzers aan de Theologische School ontzet mij ... Mogt ik reeds meermalen zeggen bij gewigtige roepingen in de Kerk: Heere, zie hier ben ik! Dat doe ik nu ook in dezen met eene volkomen overgave mijns harten. Dus aanvaard ik die roeping met een biddend hart, en noem mij met erkenenis voor uw vertrouwen, in mij gesteld.”*

Die vergadering het toe oorgegaan tot die verkiesing van ’n tweede leraar vir die nuutgestigte Teologiese Skool – name wat deurgegee is, was: di. J Beijer, Jan Lion-Cachet, AAJ de Klerk Coetsee, MPA Coetsee, NJR Swart, SD Venter en PJJ Viljoen.

Die vergadering het ook vooraf besluit dat die meerderheid van stemme, in hierdie geval, twee-derde sal wees. Aangesien niemand die vereiste meerderheid van stemme met die eerste rondte gekry het nie, moes daar ’n herverkiesing plaasvind tussen di. J Lion Cachet en NJR Swart. Nog steeds is daar geen meerderheid van stemme nie en is daar besluit om die lot te werp en “valt het lot op ds. Cachet”.

Die Sinode besluit, dat, “zoo de Heere wil,” die Teologiese Skool op 29 November 1869 geopen sal word. In Art. 77 van die Handeling van 1869 lees ons dat die kweekskool te Burgersdorp so ingerig moet word dat daar nie net predikante opgelei sal word nie, maar ook *“jongelingen zich kunnen bekwamen tot onderwijzers der jeugd, ja dat ook jongelieden, zonder een bestemd doel te hebben, gelegenheid gegeven wordt, naar hunne vatbaarheid gebruik van de school te maken, allen onderworpen aan de regulatien der school.”*

Nadat verskeie korrespondensie en beskrywingspunte afgehandel word, word besluit dat die volgende Sinode in April 1872 te Burgersdorp gehou sal word. ^{DK}



GEREFORMEERDE ONDERWYS

HOEKOM? (2)

Wat is 'n wêreldbeskouing?

In ons vorige artikel het ons gesien dat ons Gereformeerde leer onlosmaaklik deel is van ons daaglikse lewe. Dit vorm die basis vir die kind se wêreldbeskouing. Die vraag ontstaan dan: Wat is 'n wêreldbeskouing, en is dit enigsins belangrik?

Eenvoudig gestel, is 'n wêreldbeskouing die manier waarop, of die beginsels waaruit, 'n mens die lewe en die wêreld rondom hom sien en ervaar – die sogenaamde bril waardeur ons na die lewe kyk.

Omdat jou wêreldbeskouing 'n stel beginsels is, beïnvloed dit hoe jy op alles reageer: van jou teologie en filosofie, tot jou wetenskap en kuns. Voorbeelde van wêreldbeskouings is byvoorbeeld postmodernisme, humanisme, pragmatisme en die verskillende ander gelowe.

'n Gereformeerde wêreldbeskouing word gebou op die Woord van God, soos uiteengesit in die belydenisskrifte oftewel die Drie Formuliere van Eenheid. 'n Lidmaat van 'n gereformeerde kerk behoort dus 'n gereformeerde wêreldbeskouing te hê.

Verskillende wêreldbeskouings?

As ons sê dat 'n wêreldbeskouing die manier is waarop ons die lewe sien en ervaar, beseft mens dadelik dat verskillende mense verskillende wêreldbeskouings het – ons ervaar dit ook daagliks – lees maar die kommentaar op sosiale media om dit te ervaar: vir enige standpunt wat gestel word, sal heftige argumente vir of téén daardie standpunt gelewer word, wat telkens uit bepaalde wêreldbeskouings voortvloei.

As ons egter na die Bybel kyk, sien ons daar is net twee maniere om na die lewe te kyk: ons sien dit óf soos God dit sien, óf soos Satan dit sien. Die vader van die leuen wil ons wysmaak dat daar verskillende maniere is om die lewe te sien, en dat almal ewe geldig is. Die Bybel leer ons egter anders – die onfeilbare Woord van God is die enigste manier hoe ons 'n regte lewenswyse kweek, en hoe ons voorbereid sal wees vir elke goeie werk (2 Tim. 3:14-17).

Daarom, as iemand nie 'n Christelike wêreldbeskouing huldig nie, handhaaf hy noodwendig 'n nie-Christelike wêreldbeskouing. Dieselfde geld vir ons skole: as die vakinhoud nie vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing opgestel is nie, is dit uit 'n nie-Christelike beskouing opgestel. Wil ouers dan hulle verbondskinders aan so 'n nie-Christelike wêreldbeskouing blootstel?

Wêreldbeskouing in praktyk

Hoe lyk 'n wêreldbeskouing in praktyk? As 'n persoon 'n postmodernistiese wêreldbeskouing handhaaf, is hy van mening dat daar geen absolute waarheid is nie, aangesien elke mens die realiteit anders ervaar. 'n Humanistiese wêreldbeskouing plaas die mens in die middelpunt, en beweeg weg van enige godsbe-grip.

'n Christelike wêreldbeskouing plaas God en sy Woord, daarteenoor, in die middelpunt. Die Bybel is die lig vir ons pad (Ps. 119:105). Ons sien baie mooi hoe 'n Christelike wêreldbeskouing prakties uitgeleef word vir ons geskiedenis in die lewe van Daniël.

In Daniël 1 lees ons dat Daniël een van die Joodse jongmense uit 'n vername familie was, van die eerstes wat in ballingskap weggevoer is. Ons kan ons indink dat Daniël bloedjonk was toe hy weggevoer is (hy het vir meer as 60 jaar daarna diens gedoen in die koninklike paleis) en dat hy baie bang en verward was. Wanneer hy as jongman in Babilon aankom, word hy gekonfronteer met 'n koning wat hom en

sy landgenote probeer verander op drie ingrypende maniere:

- hulle denke word verander deur hulle 'n Galdese opvoeding te gee;
- hulle lojaliteit word verander deur vir hulle nuwe name (wat verband hou met die plaaslike afgode) te gee; en
- hulle lewenstyl word verander deur vir hulle 'n nuwe dieet te gee.

Daniël en sy vriende het egter gebly by wat hulle geleer het (sien 2 Tim. 3) ten opsigte van selfs iets wat vir ons so onbenullig kan lyk soos die kos wat hulle eet. Hulle het egter die voorskrifte van die Here in Levitikus 11 in die middelpunt gestel, en daardie fondament gebruik as die bril waardeur hulle besluit wat hulle sal eet en wat hulle nie sal eet nie.

Ons lees dan verder byvoorbeeld in Daniël 6 hoe hy jare later weer eens voor 'n keuse gestel word, toe koning Darius bevel gegee het dat niemand vir 'n periode van 30 dae tot enige ander persoon of God mag bid, as tot hom, Darius, nie.

Ons kan weet dat Daniël se wêreldbeskouing gevestig is as kind, voordat hy in ballingskap weggevoer is – en dit wys hoe belangrik die regte fondasie vir ons kinders vandag is. Deur die Here se genade kon Daniël voortbou op die fondasie wat in sy jeug gevestig is.

Wêreldbeskouing en skole

Dit is daarom belangrik dat verbondskinders van jongs af die korrekte wêreldbeskouing geleer word. Soos genoem, bepaal ons lewensbeskouing hoe ons alle wetenskappe, geskiedenis, en selfs kuns benader. As ons glo dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, dan bepaal die Bybel hoe ons oor al hierdie vakrigtings dink. Dan moet heelwat van die onderliggende filosofie waarmee meeste skoolvakke vandag aangebied word, afgewys word.

As daar dan 'n gereformeerde skool is waar die vakinhoud gebou is op die Woord van God, kom ons as ouers ons doopbelofte na as ons nie ons kinders in hierdie skool plaas nie, maar eerder in 'n skool waar die vakinhoud op nie-Christelike beginsels gebou is? Dit is 'n vraag wat elke ouerpaar vir hulleself voor die Here moet uitmaak. Dit is ook 'n vraag waaraan kerkrade behoort aandag te gee (KO Art 21). ^{DK}

Duxburyweg 174, Hillcrest Pretoria 0083 T: 012-362 0660 E: toibo@imagnet.co.za NPO: 001-597 PBO: 130001311

Duxburyweg 174, Hillcrest Pretoria 0083 T: 012-362 0660 E: toibo@imagnet.co.za NPO: 001-597 PBO: 130001311

PROJEKSKOLEN

PROJECT WARMLYFIE

W
I
N
T
E
R

Wys u omgee



Nou moet ons ook vra dat u Projek Volmagie ondersteun. Het u al probeer konsentreer op 'n leë maag?

Bankbesonderhede: ABSA Rekeningnommer: 020 840 145

Hoof van Bybelgenootskappe aangestel in top pos by WBG

Ds. Dirk Gevers regs), die uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is as die nuwe Direkteur-generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) aangewys. Die WBG is 'n wêreldwye netwerk van Bybelgenootskappe wat in meer as 240 lande en gebiede werksaam is. Hy is die eerste ampsdraer van 'n Bybelgenootskap in Afrika om hierdie rol te beklee.

Ds. Gevers het in 2007 sy loopbaan by die BSA begin en is vir die afgelope sewe jaar die uitvoerende hoof. "Ons sien duidelik die werk van God se hand in hierdie aanstelling en daar word met verwagting uitgesien na hoe Dirk die organisasie verder gaan ontwikkel en laat groei," het die voorsitter van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se Wêreldraad, Elaine Duncan, gesê. "Dirk is 'n wyse, gerespekteerde en ervare leier. Hy is passievol oor die Bybelmissie én om te sien hoe die Bybel mense se verhouding met God verdiep wat tot lewensverandering lei. Sy omgeehart getuig van 'n diepgaande liefde tot God en sy medemens."

Dr. Paul du Plessis, voorsitter van die BSA se Raad van Direkteure, het so op die nuus gereageer: "Ons het gemengde gevoelens. Ons wil ds. Gevers gelukwens met hierdie nuwe pos en uitdaging in sy lewe. Ons vertrou dit is deel van God se plan vir beide die WBG asook die BSA. Ons verlies is hulle wins. Ons bid dat die Here hom en sy vrou, Louise, met groot seën en vrug sal gebruik om die Woord regoor die wêreld te versprei."

Ds. Gevers is opgewonde oor die nuwe uitdaging. "Ek is hartseer om van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika afskeid te neem, maar dankbaar vir die vormende rol wat dit gespeel het om my te help om die Bybelgenootskapmissie te verstaan."

Die BSA se Raad van Direkteure sal eersdaags die aanstelling van 'n nuwe uitvoerende hoof bespreek.

Vir meer inligting, kontak:

Dr. Francois Sieberhagen
Hoof: Kommunikasie en Bemaking
sieberhagen@biblesociety.co.za
021 910 8705 / 083 389 0708



**DIE GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN
SUIDHEUWELS BIED AAN**

PSALM-EN ORRELFEEES

Saterdag 4 Junie 2022
10:00

Verskeie plaaslike talentvolle orreliste en musikante gaan optree.

Die program belooft om gevul te wees met heerlike samesang en goeie orrel musiek.

Toegang is gratis
Kontak vir Tiaan Herbst vir nog inligting - 076 221 7071

Lief en Leed

DOODSBERIGTE



Mev. Annatjie du Plessis, in lewe die eggenote van ds. PJL du Plessis (Pieter), emeritus-predikant van GK Bergsig, is op 26 April 2022 oorlede.

JANSEN VAN VUUREN: Erna, eggenote van dr. Natie Jansen van Vuuren, is op



12 April 2022 oorlede na 'n ernstige beroerte. Die egpaar was 66 jaar getroud, en het 33 jaar in Potchefstroom gewoon, en die afgelope 21 jaar in Nylstroom. Ons onthou veral haar besondere natuurliefde en mooi tuin. Natie, Christof, Retha, agt kleinkinders en twee agterkleinkinders.

SIMPATIEBETUIGING AAN ...

Ds. Pieter du Plessis, emerituspredikant van GK Bergsig, met die afsterwe van sy eggenote, Annatjie.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore met hulle verjaardae in Junie

- 1 Junie: Ds. EM Makhobozi (Edwin) – GK Tladi
- 3 Junie: Ds. HK de Kock (Kruger) – GK Randburg
- 4 Junie: Ds. PJ Hattingh (Peter) – GK Vanderbijlpark Trinitas
- 4 Junie: Ds. R Boersema (Reinhart) – GK Vryburg
- 5 Junie: Ds. SJMS Smit (Faan) – GK Heidelberg
- 11 Junie: Ds. MM Molokwane (Martin) – GK Tembisa
- 13 Junie: Ds. WM van der Waal (Willem) – GK Linden
- 14 Junie: Ds. PJ van den Berg (Peet) – GK Midrand
- 14 Junie: Dr. SP van der Schyff (Fanie) – GK Pretoria-Brooklyn
- 16 Junie: Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Petrus) – GK Marble Hall
- 19 Junie: Ds. JN Hibbert (Josef) – GK Pietersburg-Noord
- 21 Junie: Dr. JA Erasmus (Jannie) – GK Odendaalsrus
- 22 Junie: Ds. HJ Stoltz (Hendrik) – GK Ontdekkers
- 24 Junie: Ds. VA Rankgotha (Victor) – GK Phahameng
- 25 Junie: Ds. NN Ligege (Norman) – GK De Hoop
- 25 Junie: Ds. DJ Malan (Danie) – GK Uitschot

27 Junie: Ds. JL Aucamp (Louis) – GK Kemptonpark-Mooifontein

27 Junie: Ds. DH Verryyn (Hendrik) – GK Potchefstroom-Suid

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti/emertuseggenotes/-weduwees met hulle verjaardae in Junie

- 1 Junie: Prof. BJ de Klerk (Ben) – TSP
- 2 Junie: Mev. MJ Stemmer (Johanna) (83), eggenote van ds. GH Stemmer (Henry) – GK Khuma
- 2 Junie: Ds. LJ Badenhorst (Lou) – GK Rustenburg Kruisberg
- 3 Junie: Mev. JM Prinsloo (Magda) (85), weduwee van ds. BDC Prinsloo (Ben) – GK Elandskraal
- 4 Junie: Mev. SL Grobler (Susan) (83), weduwee van ds. HM Grobler (Herman) – GK Potchefstroom-Oos
- 4 Junie: Mev. IG Kalanyane (Itseng), weduwee van ds. KS Kalanyane (Simon) – GK Huhudi
- 4 Junie: Ds. JA du Preez (Jan) – GK Germiston
- 5 Junie: Ds. JH Cilliers (Harry) – GK Reitz
- 6 Junie: Dr. P Kruger (Petrus) (86) – GK Kuruman
- 8 Junie: Mev. S van der Merwe (Silja) (86), eggenote van ds. LJ van der Merwe (Lood) – GK Postmasburg
- 8 Junie: Mev. SL Heystek (Susan) (80), eggenote van dr. NP Heystek (Klasie) – GK Wapadrant
- 8 Junie: Ds. RG Aucamp (Roelie) – GK Middelburg KP
- 9 Junie: Dr. DJ de Kock (Danie) – GK Krokodilrivier
- 10 Junie: Ds. G Opperman (Gustav) – GK Matlabas
- 11 Junie: Prof. CFC Coetzee (Callie) – TSP
- 13 Junie: Mev. EC Buys (Elsabé) (81), weduwee van ds. JC Buys (Baas) – GK Johannesburg-Suid
- 13 Junie: Mev. MC Erasmus (Magda), weduwee van ds. JC Erasmus (Jan-Carel) – GK Zeerust
- 13 Junie: Ds. WP van der Merwe (Willem) – GK Queenstown/Dordrecht
- 13 Junie: Ds. JJ Venter (Koos) – GK Rustenburg
- 13 Junie: Ds. D Pansegrouw (Dirk) – GK Hoëveld
- 14 Junie: Mev. HHC Smit (Hettie), weduwee van dr. CJ Smit (Neels) – GK Noordbrug
- 14 Junie: Prof. PP Krüger (Paul) – TSP
- 15 Junie: Mev. E Bain (Erina – du Plooy), weduwee van ds. JL du Plooy (Jan-Louis) – GK Potchefstroom-Die Bult
- 16 Junie: Ds. J Kirsten (Koos) – GK Mosselbaai
- 17 Junie: Mev. SP Ligthelm (Petra) (92), weduwee van ds. J Ligthelm (Johan) – GK Hendrina

18 Junie: Dr. PK Lourens (Pieter) – GK Bfn-Oos/Bfn
 22 Junie: Mev. AE Linde (Bessie) – weduwee van ds. PJW Linde (Flip) – GK Ventersdorp
 22 Junie: Mev. FCJ Fanoy (Carlien), eggenote van dr. P Fanoy (Piet) – GK Windhoek
 23 Junie: Dr. J Visser (91) – GK Brakpan
 24 Junie: Mev. ES Grobler (Elsie) (91), weduwee van ds. ZC Grobler (Zagrys) – GK Sannieshof
 24 Junie: Mev. M de Klerk (Marie), eggenote van prof. BJ de Klerk (Ben) – TSP
 25 Junie: Mev. MM Schulze (Ita) (89), weduwee van

prof. LF Schulze (Ludi) – TSP
 27 Junie: Mev. MM Liebenberg (Magda) (82), weduwee van ds. TA Liebenberg (Tos) – GK Hoëveld
 27 Junie: Dr. AH Bogaards (Attie) – GK Pretoria-Rooiwal
 27 Junie: Mev. HW Malan (Helena), eggenote van ds. J Malan (Jan) – GK Burgersdorp
 29 Junie: Dr. M Venter (Monica), weduwee van ds. W Venter (Willie) – GK Bloemfontein
 30 Junie: Mev. SJ Fourie (Susan), weduwee van ds. BCG Fourie (Ben) – GK Kameeldrift

Kerklike administrasie

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

Ds. KP Steyn (Karel) van GK Vredenburg/Saldanha na GK Port Elizabeth

Beroepe aanvaar

Proponent JH Kuhn (Jacques) na GK Tsumeb
 Ds. KP Steyn van GK Vredenburg/Saldanha na GK Port Elizabeth

Ds. JD Potgieter (Dreyer) van GK Meyerspark – Weens omstandighede binne die gemeente het die Presbiteriaanse Kerk McIlwain in Pensacola, Florida, Amerika die beroep aan ds. Potgieter teruggetrek.

EMERITERING



Dr. JJJ Erasmus (Kobus) van GK Volksrust/Ermelo het einde April 2022 geëmeriteer.

Ds. Theunis Potgieter van GK Port Elizabeth het einde Mei 2022 geëmeriteer.

Ds. Lukas Scheepers van GK Sannieshof het op 30 April 2022 geëmeriteer. Ds. Lukas en Tharina Scheepers is in Kanada woonagtig.



BEVESTIGING



Prop. EA Venter (Erasmus) van GK Okahandja se bevestiging het op Saterdag 7 Mei 2022 plaasgevind. Die bevestiging is deur ds. Henning Venter van GK Windhoek waargeneem. Ds. Venter het sy intrepreek op Sondag 8 Mei 2022 gelewer.



ALGEMENE SINODE 10 JANUARIE 2023

Die Deputate Algemene Sinode het die opdrag om Sinodes te reël en gevolglik die verantwoordelikheid dat alle sake met betrekking tot die Sinode vlot sal verloop. Met die oog op Algemene Sinode 2023 versoek die deputate die volgende:

KEERDATUM VIR DIE AGENDA: 30 JUNIE 2022

Vir hierdie keerdatum moet alle beskrywingspunte, deputaterapporte, beswaarskrifte en appëlle teen vorige sinodebesluite ingehandig wees. Beskrywingspunte, beswaarskrifte en appëlle kry sedert Sinode 2018 genoegsaam tyd om die kerklike pad te loop om betyds vir inhandiging gereed te wees. Stukke wat ná die keerdatum ontvang word, sal nie in die Agenda gepubliseer word nie.

**Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.**

E-pos: wymiedup@gksa.co.za

TARIEWE:

**Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.
Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto.
BTW is ingesluit.**

Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.

VAKANSIE EN VERBLYF

NATALSE SUIDKUS

UVONGO: 12-bed vakansiehuis. Mooi see-uitsig, loopafstand van strand. Alle geriewe. 3 Badkamers, ruim balkon, 9 X 5 meter. TV, mikrogolfoond, ruim ys- en vriesgeriewe. Elrien, sel. 072 820 6948.

UVONGO: LA CRETE SANDS NO. 1. 6-Bed luukse en moderne vakansiewoonstel met 'n 180° see-uitsig en brandersig. Slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; Toesluitmotorhuise; swembad; TV, DSTV en beddegoed ingesluit by prys. Skakel Luzelle by 011 678 5440 of sel 083 326 6329; www.uvongoholidays.co.za

MARGATE: MARLICHT VAKANSIEWOONSTELLE. Aangename, see-uitsig verblyf in goed toegeruste 2-, 3- en 4-slaapkamer selfsorgwoonstelle. TV en linne ingesluit. Gesellige, gesamentlike braai-area langs swembad. Onderdakparkering. Perseel omhein met elektrifisering en afstandbeheerhekke. "AA Highly Recommended PLUS 3 Ster TGCSA" gradering. Skakel kantoorure vir verdere inligting en kleurbrosjyre. Tel. 039 312 1052 of faks 039 317 1870. E-pos: admin@marlicht.co.za Webbladsy: www.marlicht.co.za

AMANZIMTOTI – AFSAAL 602: Ruim 2-slaapkamerwoonstel met see-uitsig. Toegerus vir 6/7 persone. Spesiale aanbiedinge buiteseisoen. Tel. 011 954 5288 of 082 335 7101.

DOONSIDE (SHANGRI LA): (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe.

Skakel asseblief 012 567 3933. Sel. 082 390 9465.
E-pos: lettiefour@gmail.com

WESKAAP / TUINROETE

STRAND/BLOUBERG/GORDONSBAAI/STELLENBOSCH/BETTIESBAAI/WATERFRONT/BELLVILLE/KAAPSTAD: Vakansieverhuring van woonstelle, huise heeljaar en Desember! Kontak 083 313 4215 of cosybeach@absamail.co.za

STELLENBOSCH: KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

GLENTANA: Ruim selfsorgwoonstel, baie netjies en volledig toegerus, TV, ens. Slaap 4/6; 80 m vanaf see. Skakel 044 879 1381 of 082 871 5859.

GLENTANA: Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R750 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

PLETTENBERGBAAI: Strandhuis, 5 min. se stap na hoofstrand. Slaap 9. Minimum 2 nagte. Skakel 021 913 5552 of 084 503 5552.

BELLAIR, BELLVILLE: 2-slaapkamerhuis in baie rustige omgewing (en 'n hanetreetjie van GK Bellville-Oos), te huur vir kort- tot mediumtermyn. Slaap 5/6 persone. Ekstra geriewe: ten volle toegeruste kombuis met wasmasjien, WiFi, DSTV (premium) en privaat geslote agtertuin met oordekte stoep

en braaiput. Maandelikse tariewe ook beskikbaar. Vir meer inligting kyk op <https://www.wheretostay.co.za/blackwoodcottage> of skakel gerus, Ingrid 072 573 0667 of 021 910 2260 / ingridkl@iafrica.com

OOSKAAP

GRAAFF-REINET: KADASH GASTEHUIS op die plaas Damesfontein. Moeg van die gejaag? Ons bied u: rus en vrede, 'n gerieflike gastehuis, kaggelvuur-aande, plaasmuseum, fossiele, bossiepad, wandelpaaie ... Karoostilte. U is baie welkom! Kontak Marguerite by tel/faks 049 845 0253, sel 082 4130 579. Webbladsy: www.kadash.co.za

Naby Haga Haga/ Oos-London: 16 Chalets beskikbaar in veilige afgeleë privaat natuureservaat, stap see toe, strandmeer. 6-Slaper, 2-slaapkamer, badkamer en toegeruste kombuis. In Aprilvakansie is chalets R900 of R1000 per nag. Buiteseisoentariewe ook beskikbaar. Pragtige kampterrein met 63 staanplekke met groot skoon ablusieblok. Strand is absoluut veilig, ideaal vir aandvisvang. Facebookblad: @Bosbokstrand. Skakel Lorna by 043 841 1644 of SMS 082 951 4747.

KAROO

COLESBERG: KAROO HUISE. Oornag in geres-toueerde dorps huise, nasionale gedenkwaardig-hede met antieke meubels. Die gerieflike huisies is selfsorgeenhede, geleë in 'n stil straat. TV, braai-geriewe en veilige parkeerplek. Restaurante binne loopafstand. Kontak T Vorster 051 753 0582; e-pos: hvzvorster@absamail.co.za; web: www.karoohuise.co.za

COLESBERG: OUDE HOSTEL. Luukse kamers met privaat badkamer en TV. Billike prys, veilige parkeerplek, swembad. Tel. 051 753 0131.

COLESBERG: GUINEA-FOWL GASTEHUIS. Geleë in stil omgewing, weg van hoofstraat, veilige parkeerplek op die erf. Alle kamers het eie buitedeur en eie badkamer. TV in gesamentlike sitkamer vir gaste. Billike tariewe. Stapafstand van eetplekke. Koffie- en tee-geriewe in elke kamer. Skakel Jan en Louise Augustyn by tel/faks 051 753 0197 of 082 899 3964.

MPUMALANGA

DULLSTROOM: Volledig toegeruste 5-slaapkamer-huis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

SABAAN VAKANSIE-OORD: is geleë op 'n subtropiese plaas in die Sabie-riviervallei, sentraal en net 35 km vanaf die Kruger Nasionale Park en die asemrowende mooi panorama-roete (bv. God's Window, watervalle en vele meer). 22 gerieflike, toegeruste selfsorgeenhede elk met 'n privaat braai-area en parkeerplek. Slaap in totaal 135 gaste, wat ideaal is vir skoolgroepe / kerkgroepe & funksies. Spyseniering op aanvraag. Skakel gerus 071 545 0155 / 061 477 8339.

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN OORNAG: Luukse oornagwoonstel met veilige parkeerplek, TV. Skoon en netjies. Gas-vrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

BLOEMFONTEIN: Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkeerplek. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

ALLERLEI

OPMETINGSINSTRUMENTE: Bukswaterpasse (automatic levels), teodoliete, meetwiele, laser vir konstruksie, RTK, GPS, Total Stations. Protea Geomatics: Tel. 011 976 2070. Sel 083 259 8931 of 083 265 7272. E-pos: sales@protsurv.co.za

BINDWERK: Flink bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

BOEKE deur prof. VE d'Assonville:

Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard aflewingsfooi van R100 word gehef vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.

Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060.

Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).

E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za

Dit is Totius (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

SJ du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

Bloedrivier (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Die Groot Diamantroof (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

Die Van der Merwes van Middendeel (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

Generaal de Wet in die Vrededortkoepel (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

Kruger en Rhodes (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

Majuba (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Op die Bodem van die Vaaldam (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevang- en konsentrasiekampe en die

Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

"O Vaalrivier... Broederstroom!" (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

Totius se Oorlogsdagboek (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

Calvyn verdedig sy stad (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

Die boek Openbaring (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

The Book of Revelation (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

Die koms van Christus en die Antichris (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

Die Psalms sing van Christus ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

Gereformeerde Doopsformulier (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

Bakens vir die Kerkgeskiedenis (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

Kerk op die Wit Hooglande ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

Eugène Marais en die Waterberge (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100



JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSQT


Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

Ons ondersteun graag Die Kerkblad


BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO



R30.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R100.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R17.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R32.50
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Die volgende gesprek met die redakteur op PretoriaFM vind plaas op
SONDAG 3 JULIE 2022.
U kan na PretoriaFM luister op 104.2 / 106.6 MHz; of TV-oudiokanaal 887.

**Stuur artikels of briewe aan
Die Kerkblad:
Posbus 20008, Noordbrug 2522;
faks 018 293 1042
E-pos: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)
callie.coetzee@nwu.ac.za (redakteur)**



POTCHEFSTROOM
TEOLOGIESE • THEOLOGICAL
PUBLIKASIES • PUBLICATIONS

POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:

- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begroot is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)

! NUWE PUBLIKASIE !

OORDENKINGS OOR DIE BERGREDE – 2022 (FRANCOIS P VILJOEN EN ALBERT J COETSEE (reds.))

Om as geseënde burgers van die Koninkryk van die hemel te leef" bestaan uit 'n reeks oordenkings uit die Bergrede (Matt. 5-7). Die Bergrede staan ook as die Grondwet van die Koninkryk van die hemel bekend. Op grond van die Here Jesus se selfopofferende liefde is sy volgelinge uitermate geseënd om burgers van hierdie Koninkryk te wees. Die Bergrede beskryf 'n burgery wat volgens die Grondwet van die Koninkryk lewe. Jesus se onderrig in die Bergrede het sy gehoor verbaas, want Hy het hulle geleer soos iemand wat gesag het, en nie soos hulle wetgeleerdes nie (Matt. 7:28-29). Mag hierdie publikasie met oordenkings van dié besondere preek jou ook met ontsag, verwondering en toewyding aan ons Here en Koning vervul.

PRYS: R70 (posgeld en verpakking uitgesluit)



BESOEK GERUS ONS WEBBLAD

**www.ptpboeke.co.za en ons Facebook-blad
Potchefstroom Teologiese Publikasies**

**BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO
Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**